



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Beroemdes en berugtes (3)

Demas kry koue voete

Eers was hy een van die ywerigste dissipels en medewerkers van die beroemde sendeling-evangelis Paulus van Tarsus in Silisië. Maar nou het DEMAS op kort kennisgewing sy leermeester die rug toegekeer en na Tessalonika vertrek.

Die waardige ou evangelis is tans in die tronk en verhoorafwagtend op 'n saak van onrusstokery wat sy Joodse geloofsteenstanders teen hom aanhangig gemaak het. Hy was glo verpletter oor Demas se besluit, en het hom gesoebat om te bly, maar daarvan wou die jong man niks weet nie. “Ek is moeg van die gesukkel en die ellende wat Paulus omring,” het hy gesê. “Die man is al hoeveel keer geslaan en in die tronk gegooi en beledig, maar hy leer nie sy les nie. Hoekom gaan hy nog aan? Kan hy nie sien die mense wil nie hoor wat hy te sê het nie? Nee wat, genoeg is genoeg. My lewe lê nog voor.”

Dr Lukas, 'n ander medewerker van Paulus, is net so teleurgesteld oor Demas se besluit. “Ons is almal baie lief vir hom. Hy is 'n skrandere jong man wat vorentoe nog van onskatbare waarde vir die Christendom kon wees, en nou is hy weg. Maar wie weet? Die weë van die Here is vir ons duister. Miskien keer Hy vir Demas voor en kom hy later terug na ons. Ek bid net dat sy besluit nie beteken dat hy sy rug op die Here ook gedraai het nie.”

Ons lees van Demas se besluit in 2 Tim 4:10. Ander plekke waar hy genoem word, is Kol 4:14 en Filemon 1:24.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)

- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



Beroemdes en berugtes (2)

Simson en skoonhede sinoniem

Flambojant, aantreklik, charismaties, hartbreker.

SIMSON BEN MANOAG, die spierpaleis uit Sora, het alles om 'n vrou lam in die knieë te maak, en hy doen dit ook met oorgawe. Dis veral die Filistynse meisies wat hy in die oog het. Na 'n kortstondige en stormagtige huwelik met die beeldskone Tina van Timna het hy die tonge behoorlik laat klap toe hy opgemerk is in die geselskap van 'n aantrekklike dame in Gasa, want sy het blykbaar 'n reputasie wat heelwat langer is as Simson se befaamde haarlokke. Hy was so kwaad oor dié skinderpraatjies dat hy Gasa se stadspoort uitgeruk en weggedra het, tot groot ontsteltenis van die waardige stadsvaders. Nou kuier die kragman weer in die Sorekvallei by nog 'n Filistynse skoonheid, Delila.

“Ons is net goeie vriende,” was die enigste kommentaar wat Simson oor die verhouding wou lewer, maar dié wat weet, sê hy is tot oor sy ore op die pragtige vrou verlief. En sy is glo nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie. Wie weet: dalk kry sy dit nog reg om onse kragreus te tem?



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Beroemdes en berugtes (1)

Ai, dié Jakob

'n Jakkals verander van hare, maar nie van streke nie, lui die spreekwoord. Maar dié keer het slim sy baas gevang.

JAKOB BEN ISAK was nog altyd 'n man wat 'n plan kon maak om sake só te plooi dat dinge in sy guns verloop. Hy is net ná sy tweelingbroer Esau gebore met sy hand op Esau se hak. "Ek wou vir Esau keer dat hy nie eerste kom nie, maar hy het my teruggeskop. Toe het ek die eersgeboortereg met 'n paar minute misgeloop, maar dié mistyk die ek gou reggestel," spot hy oor die slenter waarmee hy Esau gevang het. Esau het glo totaal uitgeput van 'n jagtog teruggekeer en wou van die sop hê wat Jakob gekook het. Jakob se prys was die eersgeboortereg. Esau was só rasend van die honger dat hy ingestem het. Later het hy Esau wéér gevang. Esau het gaan jag om vir hulle pa Isak 'n bokkie te berei voordat Isak hom sou seën. Jakob het daarvan te hore gekom en met sy ma se hulp stilletjies 'n bokkie geslag en gaargemaak. Hy het hom as Esau vermom en sy arme pa – dié se oë is nie meer goed nie – bedrieg om die eersgeboorteseën te kry. Esau was woedend en Jakob moes by sy oom Laban in Haran gaan skuil. Dis daar dat hy sy moses teëgekom het.

Jakob het verlief geraak op Laban se jongste dogter Ragel, 'n droom van 'n meisie. Hy het met Laban ooreengekom dat hy sewe jaar by hom sou werk om met haar te kan trou. Maar toe hy die oggend ná die huweliksnag wakker word, ontdek hy nie Ragel nie, maar haar valerige ouer suster Lea in sy bed! Die jong bruidegom was woedend vir sy oom, en het geëis om met Ragel te trou. Laban het ingestem, maar die prys? Nog sewe jaar!

Laban het hom 'n lelike streep getrek, erken Jakob met 'n skewe glimlag. "Maar wag maar," belowe hy. "Ek laat my nie inloop nie. Ek sal hom terugkry. Julle sal sien."

Jakob se stormagtige jare staan in Gen 25 – 32 opgeteken.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Esau, die man wat gemaak het soos hy wou

Ons word gebombardeer met die populêre sielkunde wat sê: Wees jou eie mens! Volg jou eie kop. Moenie dat ander namens jou besluite vir jou neem nie. Doen wat jý wil en wat vir jóú reg is. "Because you're worth it," soos die een of ander

skoonheidshuis daagliks vir ons verseker.

'n Ander weergawe van dié ingesteldheid is die sg. carpe diem-benadering. Gryp die dag! Jy het net vandag. Haal uit hom uit wat jy kan. Moenie dat ander jou terughou nie. Leef jou droom. Trouens, jy kan alles bereik waarop jy jou hart sit. Niks is onmoontlik nie! Só het Novac Djokovitch die wêreld nou die dag verseker pas nadat hy die Franse Ope gewen het.

Jakob se tweelingbroer Esau sou saamgestem het. Hy was immers 'n dinamiese man wat dinge kon laat gebeur. Hy het nie gewag dat die wêreld in sy skoot val nie. Die nou, die onmiddellike, dís wat saak gemaak het. Daarom, toe hy op 'n dag honger en moeg uit die veld terugkom ná 'n jagtog, is die pot lensiesop wat Jakob gekook het, al wat vir hom saakgemaak het. "Ek wil dit hê, en ek wil dit nou hê," het hy gesê (Gen 25:30). Die toneel wat Genesis vir ons skilder, herinner 'n mens aan 'n honger dier sonder enige inhibisies, gulsig: "Laat my gou van die rooi goed wegsluk, van daardie rooi goed." Niks anders maak vir hom op daardie oomblik saak nie; net sy maag.

Dís wat so 'n houding aan 'n mens doen. Dit ontmenslik jou. Jy word jou eie maatstaf, en dit is al wat vir jou belangrik is. Nie eers Esau se eersgeboortereg kon tussen hom en sy drange inkom nie.

Ek wil nie hiermee sê dat ideale en dryfkrag verkeerd is nie; dat jy nie groot drome mag droom of hard moet werk om dit te verwesenlik nie. Maar sonder die riglyne van die Skrif gaan dit lol. Ons het die korreksie van Bo nodig om deur die doolhof van keuses veilig anderkant uit te kom. Anders gaan ons ons vingers verbrand (of ons tong, soos Esau te laat uitgevind het). Daarom waarsku die Prediker in 11:9: "Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goeie vind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie."



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Johannes die Doper, wat nederig was

Joh 1:19-28

Johannes die Doper ken hulle sommer dadelik tussen die ander uit: manne met 'n doelgerigte stap, nie soekend soos die ander

nie, nie in ootmoed oor hulle sondige lewens nie, nie smagtend na die koms van die koninkryk van God nie, maar skepties; heeltemal ongeroer deur sy woorde, manne met 'n sending.

“Wie is jy?” vra hulle segsman bot, uit die hoogte. “Wie gee jou die reg gee om die hele volk in beroering te bring? Wat is jou plan?”

Johannes glimlag vriendelik. “Julle wil weet of ek die Gesalfde is, die Messias.”

Die segsman knik. “Ja. Dis wat ons kom uitvind het.”

“Nou maar dan kan ek julle gerusstel, Menere: ek is nie die Messias nie.”

“Maar wie is jy dan? Is jy Elia?”

Johannes skud sy kop. “Nee, ek is nie.”

“Is jy dan die Profeet?”

“Nee.”

“Nou maar wie is jy dan? Jy is nie die Messias nie, jy is nie Elia nie, jy is nie die Profeet nie. Ons kan tog nie dít vir die Joodse Raad gaan rapporteer nie! Ons moet tog meer kan sê as dit wat jy nié is nie. Wat het jy oor jouself te sê?”

“Ek is 'n stem. Sê dit vir julle base. Ek is net 'n stem.”

Johannes die Doper was, in die woorde van die Here Jesus self, die grootste profeet van almal (Matt 11:11), maar as hy oor homself praat, merk ons geen sweem van selfbelangrikheid nie. Hy is maar net 'n stem, nie eens werd om Jesus se skoene los te maak nie (Joh 1:27). Sy grootste droom is dat Jesus meer word, en hy minder (Joh 3:30).

As jy naby God leef, gebeur dit met jou ook. Nederigheid is immers vrug van die Gees (Gal 5:23).



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Paulus, die mentor

2 Tim 4:9

Paulus het nie op sy eie gewerk nie. Sy bedieningsmetodiek was een van mentor-wees. Ons kan talle name opnoem van mense wie se mentor hy was: Timoteus, Lukas, Silas, Titus, Priscilla en Akwilla, Apollos ...

Toe dit tyd word dat Lukas en Timoteus moet gaan, sê Paulus: “Ek het ’n behoefte daaraan om vir oulaas saam met julle te bid.” Met hulle hande in syne begin hy bid; vir hulle, en vir homself wat die volgende oggend onthoof sal word.

Timoteus ruk soos hy huil, maar hy beur die woorde uit: “Here Jesus, dankie dat U broer Paulus vir ons gegee het. Dankie dat U hom so vrugbaar in u diens gebruik het. Dankie dat hy my pa in die geloof kan wees, en dat ek so baie van hom kon leer. Maak my soos hy, Here! En wees met hom, vannag, en môre-oggend, as hy alleen sal wees. Help hom dat sy geloof nie sal wankel nie, sodat hy ook in sy sterwe vir U sal verheerlik. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. Amen.”

Toe is dit tyd om te groet. Paulus omhels vir Lukas, en toe vir Timoteus. “Dankie, baie dankie vir jou gebed, my kind. Elke woord het in my hart gaan lê, en vannag, as ek alleen is, sal ek dit weer bid saam met jou. Moenie oor my huil nie, Timoteus. Wees saam met my bly, want môre stap ek oor na die hemelsale, waar ons Heer op my wag. Ek is nie bang nie, want die Here hou my vas.”

’n Mens wonder of iemand soos Timoteus ooit die mas sou opkom sonder die ferm leiding van sy mentor Paulus. Dalk het ek en jy ook ’n mentor nodig? Of dalk kan jy vir iemand ’n mentor wees?

Onlangse Bydraes

- [Jakob](#)
- [Joh 8:1-11 Jesus, jy en ander mense](#)
- [Esau](#)
- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026